

| **NUUS**

Die USB kry die Triple Crown*

Skrywer: Amanda Matthee

Publikasie: USB Agenda

Datum: Desember 2012

Die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool het in November 2012 AACSB-akkreditasie verwerf en die eerste bestuurskool van 'n universiteit in Afrika geword om al drie internasionale akkreditasies te verkry. Wat beteken dit vir die USB se belanghebbers?

Prof John Powell, direkteur van die USB verduidelik: “n Bestuurskool, soos enige ander inrigting, moet besluit op watter vlak hy wil meeding. Die USB ding mee op gehalte. Ons glo ons het die beste grade wat die veeleisendste is en die sterkste op ontwikkeling gerig is – beslis in Suid-Afrika en toenemend in die wêreld. Die probleem is dat dit moeilik is om gehalte te bewys en selfs te meet.”

“Dit is waar akkreditasies help. Dit meet die program wat jy koop aan internasionale bedryfstandaarde en dit gee jou 'n werklik onafhanklike oorsig daarvan. Hierdie akkreditasies word deur professionele mense gedoen wat hulle in jou inrigting se bedrywigheede kom inwortel en dit uiteindelik beter ken as jy.”

Die akkreditasiereis

Die USB se akkreditasieproses het in 1995 begin toe Suid-Afrika se nuwe politieke bedeling dit vir die skool moontlik gemaak het om met akademiese instellings in ander wêrelddele saam te werk.

Prof Eon Smit, voormalige direkteur van die USB en dryfkrag agter die skool se akkreditasie-strategie, sê: “Toe die Suid-Afrikaanse omgewing begin verander, het die USB 'n strategiese besluit geneem om aan internasionale gehaltestandaarde te voldoen. Die EQUIS-akkreditasie het 'n nuwe wêreld vir ons oopgemaak.”

Die USB het in 2000 EQUIS-akkreditasie van die European Foundation for Management Development (EFMD) verwerf. Die USB het in 2002 AMBA-akkreditasie van die Association of MBAs in Brittanje verwerf en in November 2012 AACSB-akkreditasie van Amerika se Association to Advance Collegiate Schools of Business.

Smit sê: “Saam kyk AACSB, EQUIS en AMBA na bestuurskole vanuit drie verskillende geografiese perspektiewe en drie verskillende gehalteperspektiewe. EQUIS fokus op die hele skool, internasionalisasie en korporatiewe konneksies. AMBA evalueer die MBA-program, prosesse en gehalteparameters soos deur die oë van MBA-gegraderdes. AACSB se kriteria sluit streng kwantitatiewe maatreëls in – soos sekerheid van leer.”

“Die tweedeling tussen geakkrediteerde en nie-geakkrediteerde skole sal toeneem. Dit sal lei tot die opwaartse aanpassing van gehaltestandaarde – ook ten opsigte van navorsing. Dit sal al hoe moeiliker word om akkreditasie

NUUS

te verwerf. Nuwe gehaltemaatreëls is die afgelope dekade ingesluit, soos bestuursgedrag, volhoubaarheid, etiek en toenemend ook internasionalisasie. Skole moet hul strategieë aanpas om aan hierdie gehaltstandaarde te voldoen.”

Wat die Triple Crown vir die USB beteken

Vir Smit is die USB se Triple Crown ’n “virtuele monument vir almal wat die afgelope 12 jaar en langer deel van die USB se akkreditasieproses was”.

Powell sê ten slotte: “Daar is slegs sowat 60 skole uit die sowat 6 000 in die wêreld met al drie akkreditasies. As jy al drie het, is jy wêreldklas, elite. Hierdie wêreldstandaard is nie net as gevolg van die akkreditasies nie, maar ook omdat ons deur die prosesse gegaan het wat ons onder die wêreld se beste plaas.”

*Triple Crown verwys na bestuurskole met al 3 internasionale akkreditasies: AACSB, EQUIS en AMBA.

Enige kommentaar oor hierdie artikel? Om kommentaar te lewer, [klik hier](#) of gaan na die USB se ThoughtPrint-webwerf by <http://thoughtprint.usb.ac.za/Pages/USB-gets-the-Triple-Crown.aspx>.